

Geagte ouer, grootouer of voog

BEKENDSTELLING: Eerstejaar Regsstudente

Dit is 'n voorreg om u as deel van die uitgebreide NWU familie te verwelkom. Ons het dit goed gedink om sekere basiese inligting aan u deur te gee sodat u, u eerstejaar kan ondersteun deur hierdie jaar van aanpassings. Bewaar gerus hierdie skrywe vir toekomstige verwysing.

Tydens die Fakulteit se akademiese oriënteringssessie en registrasie sal alle akademiese inligting aan studente deurgegee word. Ons sal alles wat u kind moet weet oor onder andere vakkeuses, registrasie, roosters, toetse en eksamens verduidelik. Moedig asseblief u kind aan om al die sessies wat deur die fakulteit aangebied word, by te woon. As hulle dit nie doen nie, is hulle nie op hoogte van die akademiese aktiwiteite nie, en dit mag hulle later duur te staan kom. Die Registrasie- en Oriënteringsprogram 2019 is elektronies beskikbaar by: <http://studies.nwu.ac.za/af/studies/mynwu-gids>.

1 Amptelike kommunikasie met studente

eFundi is 'n interaktiewe webgebaseerde platform wat deur die NWU geskep is vir kommunikasie met studente. Alle studente kry toegang daartoe sodra hul geregistreer is. Daar is 'n ruimte vir elke module (vak) wat aangebied word by die NWU en u kind het toegang tot die ruimtes van die modules waarvoor hy/sy geregistreer is. Aankondigings, werkopdragte, toetsinligting, leermateriaal, addisionele leesmateriaal en punte word deurgaans op eFundi geplaas. Studente wat nie op kampus woon nie, kan die rekenaarlokale op kampus gratis gebruik of deur hul eie internetverbinding toegang kry tot die NWU-netwerk.

2 Kommunikasie met ouers

Amptelike uitslae en rekeninge word na studente se e-posadres gestuur. U kind moet asseblief tydens registrasie al u korrekte kontakbesonderhede hê en sorg dat dit opgedateer word indien dit wysig. Ons wil u ook graag aanmoedig om enige kommentaar of terugvoer aan die fakulteit te stuur na ons generiese e-pos adres: Law@nwu.ac.za

Uitvoerende Dekaan Professor Stephen De La Harpe Persoonlike Assistent: Uitvoerende Dekaan Mev. Saritha Marais		Fakulteit Administrateur Mev. Alpha Marais	
MAFIKENG KAMPUS	Adjunk Direkteur: Voorgaadse Programme Mnr. Tjaart Viljoen		
POTCHEFSTROOM KAMPUS	Direkteur: Voorgaadse Programme Professor Flip Schutte		
VAALDRIEHOEK KAMPUS	Waarnemende Adjunk Direkteur: Voorgaadse Programme Mr Kagiso Masilo	Administratiewe Assistent Mnr. Mqakama Radebe	

3 Studiemateriaal

Elke student kry in elke module 'n studiegids wat die raamwerk vorm van die semester se werk in die betrokke module. Studente moet voorgeskrewe handboeke self koop. Daar word van studente verwag om selfstandig addisionele studiemateriaal op te soek en te gebruik – dit word normaalweg in die biblioteek of via die biblioteek se webwerf gedoen. Studente dra self kopieerkostes maar die elektroniese aflaai van dokumente op studente se eie apparatuur is gratis.

4 Klasbywoning en studie-ure

Regstudente het ongeveer twee periodes klas in elke module per week. Dit is dus uiters noodsaaklik dat elke klas bygewoon word. Daar word verder van regstudente verwag om selfstandig groot volumes leeswerk af te handel en klasvoorbereiding te doen. Die program is so ontwerp dat 'n regstudent deurgaans 40 ure per week aan sy/haar studies behoort te spandeer.

5 Toetse, opdragte en eksamens

Studente word deurlopend in elke module geassesseer. Assesserings kan die vorm aanneem van geskeduleerde- en onvoorbereide toetse, mondelinge en individuele- of groepsopdragte soos deur die dosent bepaal. Hierdie assesserings bepaal die student se deelnamepunt in 'n module. In die geval van semester modules word 3 toetse geskryf waarvan die beste twee punte in berekening geneem word, in die geval van jaarmodules word 4 toetse geskryf waarvan die beste 3 punte in berekening geneem word. Studente wat assesserings misloop weens siekte of ander geldige redes, moet die prosedure volg wat deur die betrokke dosent bepaal is om die assessering in te haal (binne 7 dae nadat die toets afgeneem is). Dosente mag besluit hoe deelnamepunte bereken word en dit verskil van module tot module. Inligting oor die berekening word in die studiegids en op eFundi aan studente beskikbaar gestel. Die minimum deelnamepunt vir eksamentoelating 40%. 'n Student se modulepunt is die gemiddeld van sy/haar deelnamepunt en eksamenpunt. Regstudente moet ook 'n minimum van 45% in die eksamen behaal om 'n module te slaag, ongeag hoe hoog die deelnamepunt is.

Regstudente mag aansoek doen om hul nagesiende antwoordboeke na afloop van die eerste eksamengeleentheid te besigtig tydens die insae-proses en mag teen die voorgeskrewe fooi aansoek doen vir hernasien daarvan. Die prosedures hiervoor word op eFundi gepubliseer. Alle studente wat eksamentoelating het, maar nie tydens die eerste eksamen slaag nie of om welke rede ook al nie die eerste eksamen kan skryf nie, mag die tweede eksamen skryf, maar dan word 'n administratiewe fooi per module gehef. Daar is geen siekte- of spesiale eksamen nie, studente moet een van die twee geskeduleerde eksamengeleenthede gebruik of die module herhaal. Studente word aanbeveel om hulle van die universiteit se akademiese kalender te vergewis voordat hulle enige vakansie reëlings tref.

6 Beskikbaarstelling van punte

Punte vir toetse, opdragte of ander assesserings tydens 'n semester, asook deelnamepunte, word op eFundi beskikbaar gestel aan studente. Toets- en opdragpunte word binne 15 werksdae beskikbaar gestel. Studente moet deurgaans hul punte kontroleer en enige fout binne 7 dae met die dosent opneem. Nagesiende toetse en opdragte word slegs in die klas uitgedeel en moet veilig bewaar word totdat die module afgehandel is. Vir kontrole van deelnamepunte word spesiale reëlings getref.

Eksamenpunte word binne agt werksdae nadat die vraestel geskryf is, beskikbaar gestel aan studente. Dit kan op die volgende wyses verkry word:

- Die eksamenuitslagbrief word na studente se e-posadres gestuur
- NWU se webwerf <http://jbossprd.nwu.ac.za/str-webclient/StudentWebCommand.do?sf=143647&lng=2#/top>
- NWU DIY-Portaal vir akademiese rekord en verandering van kontakbesonderhede: <http://diyservices.nwu.ac.za/af/apps/undergraduate-students>

Geen punte word telefonies beskikbaar gestel nie. U kind het deurgaans elektroniese toegang tot al sy/haar punte en kan dit vir u aflaai of u van 'n uitdruk daarvan voorsien. Personeel van die fakulteit is nie veronderstel om akademiese of persoonlike inligting aan ouers of enige derde party te verstrek nie. Vra gerus u kind om die nodige inligting aan u te verskaf of om u in staat te stel om toegang daartoe te verkry.

7 Dosente en spreekure

Dosente is die student se eerste kontakpunt indien hy/sy enige navrae oor 'n betrokke module of punte het. Dosente is normaalweg verantwoordelik vir die aanbieding van meerdere modules en het ook ander administratiewe en navorsingstake – daarom het elke dosent vaste spreekure waartydens studente hul kan nader met probleme. Die dosente se kantore is geleë in die Ou Hoofgebou (F5 Potchefstroom), Nuwe Regsgebou (Mafikeng) en gebou B11 (Vanderbijlpark) en hul spreekure word op eFundi gepubliseer. Afsprake kan in dringende gevalle ook buite 'n dosent se spreekure gemaak word deur die sekretaresse te versoek om 'n afspraak te skeduleer of deur 'n e-pos aan die dosent te stuur. Dosente se kontakbesonderhede is op eFundi en in elke module se studiegids beskikbaar. Studente word aangemoedig om per e-pos navrae te rig, ter wille van rekordhouding en die aanleer van formele, skriftelike kommunikasievaardighede.

8 Probleme

Dit is belangrik dat regstudente van meet af leer hoe om hul eie akademiese vordering te bestuur en hul probleme volgens die voorgeskrewe reëls en prosedures op te los, aangesien hulle hierdie vaardighede moet gebruik wanneer hul binne 'n paar jaar namens kliënte optree. Ons behandel die prosedures en reëls uitvoerig met hulle tydens die oriëntasieprogram en dit word ook elektronies aan hulle beskikbaar gestel. Aangesien ons aanvaar dat ons studente volwassenes is, verwag ons dat hulle hul eie akademiese probleme in die eerste plek self oplos. Eers nadat studente self die voorgeskrewe prosedures gevolg het, kan ouers of ander belanghebbendes toetree. Ons vra u begrip en ondersteuning in die verband!

Indien 'n student nie 'n akademiese probleem kan oplos deur 'n gesprek met of e-pos aan 'n dosent nie, word 'n studenteversoekvorm ingevul waarin die probleem en versoek uiteengesit word. Alle studenteversoeke is op eFundi beskikbaar en moet elektronies voltooi en ingedien word na Law@nwu.ac.za. Die Administratiewe Administrateur, mevrou Alpha Marais en/of die Direkteur: Voorgraadse Programme, sal die versoek hanteer. Indien die student wil appelleer teen die uitslag van die versoek, kan hy/sy dit skriftelik doen en indien by die sekretaresse van die Uitvoerende Dekaan. Hou asseblief in gedagte dat alle versoeke hanteer word binne die perke wat deur die universiteit se akademiese reëls gestel word. Alle amptelike terugvoer insake studenteversoeke en -navrae sal na die student se e-posadres gestuur word.

Dienste verskaf deur NWU Welstand

Die NWU is daartoe verbind om die sekuriteit, veiligheid en gesondheid van alle studente, personeel en besoekers te verseker. Die NWU spog dus met 'n unieke multidissiplinêre noodkluster om vinnige en doeltreffende reaksie op enige noodgeval op die kampus te verskaf. Opkampus-noodgevalle moet by die betrokke diens hieronder aangemeld word. Die toepaslike noodpersoneel sal in kennis gestel word, en enige kommunikasie met eksterne dienste sal deur ons opgeleide personeel gekoördineer word.

Beskermingsdienste – misdaad en veiligheidsverwante noodgevalle

24-uur-beheerkamer. Misdaad- en sekuriteitsverwante noodgevalle.

Kontak nommers Potchefstroom: 018 299 2211 / 018 299 2215 / 018 299 1110

Kontak nommers Mafikeng: 018 389 2277 / 018 389 2167

Kontak nommer Vaaldriehoekkampus: 016 910 3339

NWU Nooddienste – brand-, mediese en reddings noodgevalle

24-uur-beheerkamer.

Kontak nommers Potchefstroom: 018 299 2211 / 018 299 2215 / 018 299 1110

Kontak nommers Mafikeng: 018 389 2277 / 018 389 2167

Kontak nommer Vaaldriehoekkampus: 016 910 3339

InGryp-sielkundige krisislyn – sielkundige, trauma en emosionele verwante noodgevalle

24-uur-krisislyn.

Sielkundige, trauma en emosionele verwante noodgevalle.

Kontak nommer Potchefstroom: 018 299 1777

Kontak nommer Mafikeng: 018 389 2860

Kontak nommer Vaaldriehoekkampus: 016 910 2001

Gesondheidsorgsentrum

Algemene gesondheidsdienste.

Kontaknommer Potchefstroom: 018 299 4345

Kontaknommer Mafikeng: 018 389 2660

Kontak nommer Vaaldriehoekkampus: 016 910 3163

Dankie dat u, u kind se tersiêre opleiding aan ons toevertrou. Ons maak erns met regsopleiding en vertrou dat u kind die volgende paar jaar as student aan hierdie fakulteit terdeë sal geniet.

Uitvoerende Dekaan en bestuur, Fakulteit Regte